higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 4

11 March 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 C
1.1.2 A
1.1.3 B
1.1.4 B
1.1.5 D

(5 × 1) (5)

1.2
- Voor 2009 was dit moontlik om fonte op ’n onveilige webblad in te sluit solank hierdie webbladgebruikers die font dadelik afgelaai het sodra hulle die bladsy oopmaak.
- Terwyl dit maklik was om die webblad só op te stel om outomaties te werk, was die lettergieterye ongelukkig met hierdie oplossing aangesien enige webbladbesoeker die gietery se lettertipes kon aflaai en in hulle projekte gebruik sonder betaling.
- As sulks het die meeste webblaaiers webbladbesoekers nie toegelaat om lettertipes outomaties van ’n webblad af te laai nie en webbladontwerpers is gedwing om webblad-veilige fontsoorte te gebruik.
- In 2009 is die *Web Open Font Format* (WOFF) vrygestel. Dit het sterk sekuriteit aan lettertipes wat op die internet gebruik word, toegevoeg sodat webbladbesoekers die lettertipes kon sien sonder om dit self te gebruik. Die gevolg hiervan is dat amper enige fontsoort nou op die internet gebruik kan word solank die webbladontwerper ’n kopie van die font besit.
- Danksy *Google Web Fonts* hoef webbladontwerpers nie meer duisende rande te betaal om fontsoorte vir hulle webblaaie aan te koop nie. In stede hiervan kan hulle een van die honderde professioneel ontwerpte fontsoorte gebruik wat Google gratis beskikbaar gestel het. (Enige 5 × 1) (5)

1.3
1.3.1 A
1.3.2 F
1.3.3 G
1.3.4 B
1.3.5 D

(5 × 1) (5)

1.4
1.4.1 Waar
1.4.2 Onwaar
1.4.3 Waar
1.4.4 Onwaar
1.4.5 Waar

(5 × 1) (5)

1.5
1. Navorsingsfase
2. Ontwikkelingsfase
3. Konsepgenerering
4. Finale ontwerp
5. Opvolg (5)

1.6 1.6.1 dik
1.6.2 makliker
1.6.3 vertikale
1.6.4 serifs
1.6.5 sans

(5 × 1) (5)

1.7 1.7.1 CMYK
1.7.2 Bloei-area
1.7.3 MB
1.7.4 Pre-drukproses
1.7.5 Pantone

(5 × 1) (5)

1.8 1.8.1 implementeringsfase
1.8.2 bloudruk-
1.8.3 animasie
1.8.4 onderrigontwerper
1.8.5 Ontwerpers-

(5 × 1) (5)

1.9 1.9.1
- Houtskool is maklik om te gebruik, want dit is sag en daarom handig om merke op papier te maak.
- Houtskool laat maklike skadugewing toe, want dit is sag en kan gesmeer/gevryf word.
- Die mate van donkerte kan maklik beheer word sodra laasgenoemde bemeester is.
- Houtskool is handig om sagte skadu's en egalige kontoere op tekeninge te skep.
- Die feit dat houtskoolstokkies gewoonlik stomp is, beteken dat dit nie skerp lyne produseer nie wat dit vergemaklik om tekeninge te maak met meer uitdrukking. (Enige TWEE)

1.9.2
- Sketskunstenaars gebruik gewoonlik 'n wye reeks verskillende potlode om 'n verskeidenheid merke/effekte in tekeninge te skep.
- Potlode kan gebruik word om sowel skerper kantlyne as sekere subtiele skadu's te maak, afhangende van hoe hard die lood is.
- Potlode is makliker om te gebruik as houtskool en mors minder.
- Die veelsydigheid van potlode maak dit een van die populêrste tekeninstrumente. (Enige TWEE)

1.9.3
- Dis 'n handige sketsmedium.
- Conté-kryte werk baie dieselfde as grafietpotlode.
- Dit is verkrygbaar in swart, grys, 'n ligte rooibruin, 'n donker rooibruin, donkerbruin en wit. (Enige TWEE)

Kopiereg voorbehou

1.9.4
- Penne is handig om vinnige tekeninge te maak.
- Dit is ideaal vir tekeninge met 'n sterk kontras.
- Verskillende kleure ink kan gebruik word. Die meeste mense werk met swart ink. (Enige TWEE)

1.9.5
- Vir tekendoeleindes is dit die beste om 'n gebreide/plooibare/ sagte uitveër of klei-uitveër te gebruik. 'n Klei-uitveër kan geknie /gebrei en gevorm word om in klein areas te gebruik. Hulle is baie makliker om te beheer wanneer jy net 'n klein lyntjie of 'n kolletjie wil uitvee sonder om die omliggende area te affekteer.
- Gewone rubberuitveërs is 'n goeie opsie wanneer jy groot areas of donker merke moet uitvee.
- Klei-uitveërs is nie so stewig soos rubberuitveërs nie en is ook nie so effektief met die verwydering van donker merke nie.

(Enige TWEE)
(5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 2

2.1 Fotograaf se opdragte

- Neem ’n reeks foto’s van soortgelyke handelsmerke wat lessenaarartikels en atikels wat natuurlik plat lê, insluit.
- Die foto’s sal in die bemarkingsmateriaal en op sosiale rekeninge vir ’n maatskappy wat handelsmerke en webblaaie ontwerp vir vroue in die besigheidswêreld, gebruik word.

Teikenmark

- Vrouens wat hulle eie besigheid besit òf begin

Kleurpalet

- Sagte pastelkleure: ligte skakerings van pienk, groen, blou en goud

Beligtingstyl

- Sagte beligting; helder, skoon, natuurlik. Hoë blootstelling, sagte kontras

Rekwisiete

- Items wat op ’n vrou se lessenaar gevind kan word: mooi koffiebekers, tydskrifte, ’n persoonlike rekenaar en (tele)foon, beplanner, blomme, amandelkoekies (of enige ander soetdingetjie), juweliersware en skryfbehoefte-items

Algehele atmosfeer

- Vroulik, sag, gerusstellend, mooi, modern, verwelkomend (20)

2.2

- Gebruik slegs een spasie na punktuasie
- Moenie dubbele returns aan die einde van ’n paragraaf gebruik nie
- Gebruik minder fontsoorte
- Gebruik teksbelyning korrek
- Balanseer fontgrootte met die reëllengte
- Gebruik ALLES BOKAS/HOOFLETTERS versigtig
- Gebruik toepaslike leestekens
- Maak spaarsamig van rame gebruik
- Maak spaarsamig van beelde/prente gebruik
- Gebruik witspasie effektief (10)

2.3 2.3.1 Pret en plesier

Die ongewone vorms van die trokke simboliseer ’n verkeersknoop, maar dit lyk ook soos ’n Tetris-speletjie of ’n doolhof – bedoelende dat die verkeer ’n speletjie/maklik sal wees om te beheer.

2.3.2 Humor

Die StaSoft-advertensie toon dat die gesig van die beroemde, taai rolprentster, Rambo van sagte materiale gemaak is. Dit is snaaks/ humoristies, want dit impliseer dat selfs growwe materiale versag met StaSoft.

2.3.3 Vrees of gesondheid

Die advertensie-ontwerp is strak en minimaal, met ’n treffende rooi agtergrond en met dieselfde herhalende teksreël. Dit is effektief, want Alzheimer-lyers vergeet nuwe informasie vinnig.

Kopiereg voorbehou

2.3.4 Demonstrasie van humor
Die advertensie toon 'n bord met vervelige kartonkos wat impliseer dat kos sonder tamatiesous oninteressant/vaal en onsmaaklik proe, of dat tamatiesous die smaak van selfs die onsmaaklikste kos verbeter.

2.3.5 Fantasie
Die vorm van die potlood word deur die illustrasie geïmpliseer wat een manier wys waarop die potlood gebruik kan word – om musiek te komponeer. Dit simboliseer die kreatiewe potensiaal van elke potlood.

(5 × 2) (10)

2.4 2.4.1
- Tipografie – die teks is in vetdruk en maklik leesbaar in 'n skoon sans-serif font.
- Spasie – negatiewe spasie of witspasie is gebruik om 'n skoon, sterk ontwerpstyl te skep en om die teks te aksentueer/uit te lig.
- Lyne – sterk, helderkleurige lynwerk verdeel die uitleg in kleiner afdelings en skep 'n belangstelling in die eerste bladsy.
- Beelde – min beelde is op 'n ongewone manier gebruik: swart en wit met 'n kleuroorleg.
- Kleur – vetdruk en met 'n kleurvolle palet wat 'n konsekwente/ eenvormige handelsmerkstyl skep.

2.4.2
- Tipografie – interessante teks – daar is 'n kontras tussen die font van die hoofopskrif (kunstig en amper handgeskrewe) en die teks van die liggaam wat skoon en maklik leesbaar is in 'n skoon sans-serif font.
- Spasie – negatiewe spasie is gebruik om 'n skoon, interessante ontwerpstyl te skep en om die teks te aksentueer/uit te lig. Negatiewe spasie is met kleur gevul.
- Lyne – lyntekeninge dra by tot belangstelling en word op die eerste bladsy gebruik om 'n konsep te illustreer.
- Beelde – alle beeldillustrasies is met 'n spesifieke, unieke en konsekwente/eenvormige styl gedoen wat bydra tot 'n belangstelling in die uitleg.
- Kleur – vetdruk en beperkte palette skep 'n konsekwente/ eenvormige handelsmerkstyl met 'n prettige, dog professionele gevoel.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 3

Ken punte toe vir die korrekte uitvoering van die opdrag en die kwaliteit van die ontwerpe.

3.1 3.1.1
- 5 punte vir die 5 vinnige konsepte (dinkskrum) – die student moet 'n vermoë toon om idees vinnig te genereer en te toets
- 15 punte vir die drie verfynde/afgeronde logo-konsepte
- 5 punte vir die finale konsep. 'n Mens moet kan sien hoe die konsep deur die drie stadiums van die proses ontwikkel is.

3.1.2
- Ontwerpe behoort 'n verduideliking van die fatsoen/vorm, die soort sade-infusie in die materiaal, die verpakkingsmateriaal self en instruksies aan die verbruiker oor hoe om die verpakking te plant, in te sluit. Elke verpakking moet van twee kante af geteken wees en die kunswerk van die verpakking (woorde, grafika, ensovoorts) moet ingesluit wees. Die logo/handelsmerk wat in VRAAG 3.1.1 ontwerp is, moet as die maatskappy se handelsmerk op die verpakkingsontwerp gebruik wees.
- 6 punte vir ELK van die TWEE tekeninge van die verpakkingsontwerpe
- 4 punte vir ELK van die TWEE verduidelikings by die tekeninge

(2 × 20) (40)

3.2
- Die 5 raampies behoort opeenvolgende illustrasies te toon wat as geheel 'n basiese animasie kan vorm soos 'n geanimeerde GIF. Dit moet wys hoe om die verpakking soos in VRAAG 3.1.2 ontwerp, te plant.
- 3 punte elk vir ELKEEN van die illustrasies + verduidelikings in die raampies (× 5)
- 5 punte vir die algehele animasiereeks – neem die kwaliteit van die ontwerp en die uitvoering van die opdragte in ag. (20)

3.3 20 punte vir die inhoudidees – dit moet spesifiek, relevant en interessant en volgens die opdragte uitgevoer wees. (20)

[80]

QUESTION 4

Gee tot en met 5 punte vir elkeen van die VIER illustrasies (4 × 5) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou